AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Bestuurder:* STUDENTELEWE

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans ŉ voltydse pos vir ŉ bestuurder: Studentelewe in die Studentesake-afdeling beskikbaar. Die pos sal in Centurion gesetel wees.

## POSDOELSTELLING

Die bestuurder: Studentelewe is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat die oorkoepelende studentelewe- en koshuislewe-oogmerke effektief geïmplementeer word. Die posbekleër sal aan die hoof: Studentesake in Centurion rapporteer.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Die bestuur en uitbou van ŉ lewenskragtige studentelewe (onder meer vorming, kultuur, sport, koshuise en sosiaal) wat Akademia se vormingsideaal, bestaansrede en visie ondersteun
- Die algehele bestuur van die afdeling en die personeel
- Die integrasie van die vormingsideaal in die ontwikkeling van studente en studenteleierskap
- Die bestuur van studenteleierskap en -strukture (onder andere die studenteraad, koshuisbestuurstrukture en algemene georganiseerde studentelewe)

## POSVEREISTES

- Baccalaureusgraad (NKR-vlak 7)
- Drie tot vyf jaar se ervaring in die ontwikkeling en vorming van jongmense
- Drie tot vyf jaar se bestuurservaring
- Die kandidaat moet kennis van Akademia en van die hoëronderwysomgewing in die algemeen hê
- Ervaring in studentelewe, koshuislewe, studenteleierskap, studentesport en -kultuuraktiwiteite, studente-ondersteuning, beleidsformulering en/of projekbestuur sal in die kandidaat se guns tel

## VAARDIGHEDE

- ŉ Vormingsingsingesteldheid, hoë energievlakke en interpersoonlike vaardighede
- Goeie bestuurs- en organiseringsvaardighede en strategiese beplanningsvaardighede
- Effektiewe kommunikasievaardighede, prosesontwikkeling en -implementering, en probleemoplossingsvaardighede
- Handhawing van goeie menseverhoudinge en effektiewe emosionele intelligensie
- Aanpasbaarheid en ŉ positiewe ingesteldheid, dryfkrag, motivering en inisiatief
- Vermoë om onafhanklik en binne ŉ span te werk
- Sterk etiese ingesteldheid en vermoë om met vertroulike inligting te kan werk
- Beskik oor goeie tydsbestuur en prioritiseringsvermoë
- Deursettingsvermoë, die vermoë om onder hoë druk te funksioneer

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 22 Augustus 2025 ingedien word. Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.